

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 31

(Kersfees/Nuwejaar)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Engelesang

En daar was by Betlehem
in die stilte van die nag
herders in die vrye veld
by hul skape op die wag,
toe 'n engel van omhoog
skielik neerdaal voor hul oog.

Voor die heerlikheid van God
het die donker nag moes swig,
maar die herders het gevrees
vir die wonderbare lig
wat met hemelse gestraal
skielik oor die velde daal.

Maar die engel het geroep:
"Moenie skrik nie, moenie vrees,
want ek boodskap vreugde wat
vir die hele volk sal wees."
"Die Verlosser", juig sy stem
"is gebore in Betlehem".

"Hy, die Heer en Christus, lê —
dis die teken van die Kind —
rustig in die voerkrip neer
en in doeke toegebind."
En toe klink 'n lofsang daar
van 'n ganse engelskaar:

"Eer aan God, die hoogste Heer!"
ruis dit uit 'n stemmese.
"Vrede op aarde, Vrede weer!"
En die donker nag ruis mee.
"Welbehae eindloos groot
in die mens, Gods gunsgenoot!"

Toe die engele weer gaan
na die hemel, hoog en klaar,
en dit stil was op die veld,
sê die herders vir mekaar:
"Laat ons gaan en sien die saak
deur die Heer bekend gemaak!"

En die herders het gegaan;
en hul het die Wonderkind
in die voerkrip toegedek
by die moedermaagd gevind,
en hul het, in blye taal
van die Wonderkind verhaal.

Almal was verwonderd oor
wat die herders openbaar;
maar Maria het die woord
peinsend in haar hart bewaar.
En hul stem het God geprys
vir sy woord en gunsbewys.

Kers- en Nuwejaarsboodskap

Toe die herders van Betlehem van Jesus se geboorte gehoor het, het hulle oral die woord bekend gemaak.

Dit is ons Kers en Nuwejaarsboodskap vir u... dat u ook 'n aankondiger sal word van Jesus Christus.

Die hink op twee gedagtes; die vrees vir spot van vriende; die skaamte om standpunt te stel — dit alles moet u oorwin om 'n dissipel van Jesus Christus te word.

In ons wêreld van vandag en môre is daar Een wat die Koers in die krisis is. Een wat die Troos in die troosteloosheid is. Een wat die Vrede in al die dolle gejaag is. Een wat ons kan verlos van al die skuld en angs.

Kersfees kondig Hom aan.

Nuwejaar vra na Hom.

Quo Vadis saai sy evangelie.

Nou word u baie persoonlik en op die man af gevra om toe te tree tot die leërmag van ons koning.

DIE WEG VAN ROME NA BETLEHEM

Die evangelis Lukas kon wel stil geglimlag het, toe hy dié woorde neerskrywe: "en in daardie dae het daar 'n bevel uitgegaan van keiser Augustus dat die hele wêreld ingeskryf moes word" Augustus wil met sy volkstelling sy krag vasstel. God laat ons sien dat die magtige keiser eintlik niks anders kan doen as om God se plan te verwerklik, sodat sy Seun volgens die profesie in Betlehem gebore word.

Onbewus en ongewild moet alle maghebbers meewerk aan God se plan.

Tereg word die wêreldgeskiedenis ingedeel in soveel jare voor en soveel jare na Christus.

Hy is die middelpunt.

Ook vandag moet alles en almal sy verlossingsplan dien.

Sy geboorte — u geboorte

CHRISTUS VOOR ONS

Hy is voor ons almal gebore. Almal wat leef, kan terugkyk op sy geboorte. Sy geboorte is 'n feit. Die geskiedenis vertel daarvan. Tog was Hy alreeds daar vóór sy geboorte, want Hy is van ewigheid af daar. Dit is juis wat van sy geboorte maak wat dit is... 'n wonder van God... dat Hy, ewige Seun, gebore moes word... in die geskiedenis... uit 'n vrou!

Die Christelike godsdiens het sy verklaring in die ewige raad van God en is daarom meer as al die godsdienste van die wêreld. Die rus in die onbeskryflike wonder van die geboorte van die ewige Seun van God, bo al die engele. Hy is meer as al die wesens wat God gemaak het. Hy is self God.

CHRISTUS VIR ONS

Dit is te ver vir my... bokant my begrip. Dit staan so ver van my af, dat dit gevaar loop om 'n blote leerstelling te wees sonder kragtige betekenis vir ons lewe.

Daarom het God Hom vir ons gestuur. Hy is uit 'n vrou... in die geskiedenis gebore. Dit sê baie dinge. Dit sê dat Hy sy ewige, Goddelike natuur afgelê en naby ons gekom het. Hoe naby? In dieselfde wêreld waarin ons leef en worstel. By die...

roue verdriet van ons verliese,
ontbinding van ons kragte,
gesigsveld van die halfverblinde oë,
vrees van die kindertjies wat uit hulle fantasie-drome wakker word in die nag,
armoede van onvoorsiene nood,
koue van die winter,
versengende hitte van die somerdroogte,
miserabele ellende van hongerlydende volke,
siekes in die hospitale en gestigte,
brandende nood van 'n verskriklike wêreld,

Jesus se geboorte was 'n miserabele geboorte vir 'n miserabele wêreld. God het Hom, die ewige Seun, vir ons gestuur... op ons adres af. Dit is die adres van die gevallenes en die wat besig om te val — in 'n stal, tussen die platgetrapte strooi, onder die starende oë van esels en pakkdiere.

CHRISTUS IN ONS

Dis nog te ver. Ons was nie daar nie. Vir ons is Kersfees ook nie in die winter nie, maar in die somer — binne in die weelde van silwer, maanlignagte.

Nou is daar groter nood as winterkoue. Daar is iets meer miserabel as platgetrapte strooi in 'n donker en oorbevolkte stal.

Daar is die mees miserabele kerker van die menslike hart met sy begeertes... onvervulde verlanges... ongehoorde stuwinge...onbeantwoorde vraagstukke... onopgeloste twyfel... onbedekte eensaamheid... verstikkend. Hierin het Hy gekom en wil Hy nog elke dag kom— nie net voor ons nie, nie net vir ons nie, maar IN ONS! Christus in ons is al die beloofde heerlijkheid van hemel, al die barmhartige en genadige nabyheid van God by Bethlehem, al die vertroostende rykdom van sy onmiddellike inwoning IN ons harte.

Dit het gekom vir baie, maar vir baie nog nie. Deur die Heilige Gees wil Christus IN ons woon, omdat Hy die Gees van Christus is, nie net van die gebore Christus nie, maar ook van die opgestaande Christus. Dit is ons tweede geboorte, die beter een. Ons eerste geboorte was

'n mislukking van sonde totdat Hy ons weer laat gebore word, totdat Hy in ons gebore word en ons nie meer leef nie, maar Hy in ons. Dieselfde Gees wat Hom aan Maria geskenk het, wil Hom ook aan elkeen skenk wat God liefhet... en homself haat en die wêreld waarin hy is.

Dis Kersfees op sy beste! Baie mense vier Kersfees sonder Christus. Baie vier dit met Christus voor ons. Ander vier dit met Christus vir ons. Kom laat ons dit vier met Christus IN ons, want dis sy fees en u fees.

Sy geboortefees kan ook u nuwe heerlike geboortefees.

P. C. Snyman

DIE WOORD HET VLEES

GEWORD.

Die Woord het vlees geword en onder ons gewoon.

Ons het sy heerlijkheid aanskou,
dié van Gods Eenge Soon;
die heerlijkheid van Hom
wat van die Vader kom,
wat vol genade en derenis
en vol van waarheid is.

KERSGEBED

Dit is die dag deur God verkore,
die feesdag aan Hom toegewy,
Laat ons, met psalms uit vreug gebore,
ons in die God van heil verbly.
Ag, Heer, gee nou u seëninge;
gee voorspoed, Heer, op hierdie dag —
dit is die dag van grote dinge,
die glorie teken van u mag.

DIE WEG VAN NASARET NA BETLEHEM

Dit is die weg van Josef en Maria. Die weg van vernedering en sorg en pyn. Op 'n skommelende esel deur woeste landstreke. Soekende na herberg en uiteindelik die vernedering van 'n stal. En tog het hulle in oorgawe geduldig gewag op die Here se aanwysinge.

Op die moeilike weg na Betlehem sorg die Here vir ons.

Wonderlike weë waarop Hy ons soms lei.

Maar God se weë is veilige weë en kom altyd goed uit. Met Jesus skenk Hy ons alle dinge.

Kom Nader

Dit is eenaardig hoe onnadenkend mense hulle vertroue kan weggee aan alles en nog wat en hoe onnadenkend hulle weier om hulle vertroue aan Jesus Christus, wat absoluut betroubaar is, te gee.

Mense dink te weinig oor hierdie dinge na. Hulle dink nie daaroor dat 'n mens geen tree in hierdie wêreld kan gee of duisende magte en instansies doen 'n beroep op jou en vra — geloof en vertroue. Ons word aangespreek deur die koerant van elke dag en op straat deur allerlei advertensies. Elke oomblik is 'n krisismoment, want die tegniek, die wetenskap, u vriende, u vrou en kinders, die verskeringsagente, alles en almal vra vertroue. Hierby word daar gedurig geappelleer op u belange, u medelyde, u gewete, u ydelheid, u genotsug, u nuuskierigheid — dus van die hoogste tot die laagste drifte.

Daarom sien die hart van die mens dikwels so chaoties daaruit. Aan alles en nog wat gee ons ons vertroue, maar nou laat die Bybel Christus ook voor ons staan en Hy vra ons vertroue. Hy roep:

Kom nader... kom na My toe.

Twee vrae is hier belangrik:

1. *Het Christus die reg om van elke mens vertroue te vra?*
2. *Kan 'n mens sonder enige skade en straffeloos weier om aan Christus jou vertroue te gee?*

Wat die eerste vraag betref, moet u daarop gewys word dat Jesus Christus 'n sterk selfbewussyn en ook 'n sterk roepingsbewussyn gehad het. Hy het geweet wie Hy is en van hieruit het Hy die vrymoedigheid geneem en ook die reg gehad om vertroue van elkeen te vra sonder enige reserwe.

As iemand ooit die reg het om vertroue te vra, dan is dit Jesus en Hy alleen, want niemand kan hom in hierdie wêreld voordoen as 'n volmaakte sondelose mens nie en daarom kan niemand vertroue sonder reserwe vra nie — net Jesus alleen. Wie as sondige mens tog absolute vertroue vra, tree buite sy bevoegdheid op. Om volstrekke vertroue te vra moet 'n mens self volstrek goed en heilig en vol liefde wees — ja dan moet so 'n mens uit 'n ander wêreld wees!

Jesus Christus is bewus dat Hy nie net absoluut betroubaar is nie, maar ook dat Hy uit 'n ander wêreld kom... dat Hy uit God is. Ek is van Bo. Ek het van die Vader uitgegaan. Daarom kan Hy ook sê:

Wie oortuig my van sonde, maar daarom is elke ongeloof en wantroue ten opsigte van Jesus Christus onredelik — *hierdie wantroue kan 'n mens nooit goedpraat nie*. Watter besware of kritiek 'n mens ook kan inbring teen die dissipels van Jesus en teen die kerk van alle eeue, dit kan nooit tegelyk besware teen Jesus self wees nie. Jesus praat ook geen enkele sonde van sy dissipels en van sy kerk goed nie.

Wie sy vertroue daarom aan Christus weier, gee sy hart daarmee weg aan mense en magte wat onder die vloek van die sonde lê. Daarom het die kerk die reg en die vrymoedigheid om elke mens en ook vir u op te roep tot geloof en vertroue in Jesus Christus alleen.

Wat die tweede vraag betref, of 'n mens sonder enige skade Jesus Christus kan verwerp, is die antwoord dat dit onmoontlik is. As Jesus Homself aangebied het as 'n sekere luukse, dan sou 'n mens Hom sonder veel skade kan verwerp, maar Christus noem Homself as onmisbaar vir die lewe — vir die ewige lewe. Hy noem Homself die Lig van die wêreld, die Brood van die

lewe, die Water van die lewe, die Ware Wynstok. Lig en brood en water is tog noodsaaklike dinge vir die lewe. Hiersonder kan 'n mens nie bestaan nie. As Jesus Christus daarom roep: Kom nader, Kom na My toe — dan betuig Hy daarmee dat Hy vir ons onmisbaar is.

Wat gaan u met die uitnodiging maak? Wie hom verbeel dat hy Jesus Christus nie nodig het om voor God te bestaan nie, ken homself en God ook nie. Alleen hy wat hom verbeel dat hy genoeg het aan homself, sal die uitnodiging van die hand wys. Die gevaarlikste sonde is die sonde van selfgenoegsaamheid. Die selfgenoegsame en selftevrede mens is die groot vyand van die onverdiende liefde van God. U is tog nie een van hulle nie?

C. Hattingh.



SY LAASTE WOORDE.

Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy met My in die Paradys wees.

Vrou, daar is u seun — daar is jou moeder.

My God, my God, waarom het U my verlaat?

Ek het dors.

Dit is volbring.

Vader, in u hande gee Ek my gees oor.

DIE WEG VAN DIE HEMEL NA BETLEHEM

Dit is God se Seun wat uit die hemel neergedaal het en nou die kindjie in die krip is.

Die weg na die hemel is vir ons gesluit.

Hoe sal daar weer oopgesluit word? Die krip is die teken hoe God oopsluit . . .

Die Seun maak Hom aan ons gelyk. Hy soek die laagste plek onder ons. Die krip is die eerste stap op weg na die diepte.

Na die kruis, na die skuldvrag wat Hy vir ons dra.

Na die eensaamheid en verlatenheid.

Jesus neem ons armoede op Hom, om ons sy rykdom te gee.

Hy daal uit die hemel neer, om die weg na die nuwe hemel en die nuwe aarde te ontsluit.

Sy weg uit die hemel word ons weg na die hemel.

'n Nuttelose Gebed

Jy sê jy het ook vroeër gebed, maar nou nie meer nie. Baie dinge het glo daartoe meegewerk. Jy het moedeloos geword, want die Here hoor dan nie na jou gebed nie — daar gebeur niks na al jou vrugtelose gebede nie. Hoe het jy nie al in jou verbeelding gesien dat die Here jou gee waarna jy vra nie! Goeie gesondheid, sodat jy sien hoe jy weer ernstig werk met vuur en ywer. Jy sien die milde reën op die dorre aarde uitsak, die plante groei... diere word vet. Daar is finansiële voorspoed... 'n nuwe motor... verbeteringe aan plaas en opstal en die ou trekker is ingeruil vir 'n nuwe een. Al my probleme is opgelos. Laat ek volhard in gebed. Die Bybel sê mos: "As julle iets in My Naam vra, sal Ek dit doen." (Joh. 14 : 14).

Jy sê my jy het baie gebed; dog sonder sukses. Daardie skrifwoorde hou vir jou geen betekenis in nie. Kyk na my toestand — daar is geen verbetering nie! Nou bid ek lank nie meer nie.

Laat ek jou vertel. Die Bybel wat jy weggepak het, leer jou 'n ander taal. Die fout lê nie by God nie, maar by jouself. Jakobus 4:3 sê: "Julle bid en ontvang nie omdat julle verkeerd bid" om dit in julle welluste deur te bring". Jy net in jou gebede jou finansiële voorspoed gesien en hoe jy dit gaan geniet... hoe al jou probleme opgelos is.

Daar is die fout wat jy begaan. Die Bybel leer ons: "Soek eers die koninkryk van God en al hierdie dinge sal vir jou bygevoeg word." (Matt.6:33).

Het jy voor alles vergewing van jou sondes gesoek? Dit is die essensiële van die gebed: jou verhouding met die Here wat deur die sonde versteur is. 'n Mens moet tog dit wat tussen jou en God verkeerd is, eerste aanspreek. Daaroor was jy nog nooit bekommerd nie en tog moet dit die eerste rede vir al jou kommer wees.

Bid dat die Here jou sondes sal vergewe. Bid dat Hy om Christus wil jou skuld sal vereffen. Besef tog hoe skuldig jy voor Hom lewe. Werp al jou bekommernis op Hom, want Hy sorg vir jou. (1 Petr.5:7). Die Here sal jou gee na jou node en behoefte, want Hy ken jou.

J. van V. du Plessis

Hoe vier u Kersfees?

Kersdag is 'n dag van vreugde. Die bedoeling is dat dit 'n diep godsdienstige vreugde is, omdat die Verlosser gebore is.

Dink u die soort vreugde wat ons gewoonlik op dié dag raaksien, pas by die geleentheid: krismishoedjies, 'n vol drankkas, veelkleurige ballonne, wilde partytjies, die "krismis-eve"-dans. Is kersvreugde toegekurk in 'n bottel brandewyn? Is die kersvrede toegedraai in blinkpapier? Het Christus en Bacchus iets in gemeen?

Ek wil 'n voorstel maak. As u dan niks met Christus te doen wil hê nie, moet u nie Kersfees vier nie. Gestel u het 'n broer met wie u in vyandskap verkeer. Sal u op sy verjaarsdag 'n gesellige aandjie reël en rond spring (of waggel) van "vreugde"? Dit is dwaasheid. Só maak u ook net 'n gek van u om op Kersdag enigiets met feesvierings te doen as u nie van Christus is nie.

Uit protes teen Christus moet u dan van die dag 'n "gewone" dag maak. Met u ligsinnige Kersfees steur u die stemming van ware Christen-fees. Goeie maniere alleen sal u daarvan weerhou om op dié dag aanstoot te gee. Oorweeg hierdie uitnodiging: besluit om hierdie Kersfees sober te bly. Lees die oggend vroeg Lukas 2 vir u gesin en besoek u kerk.

Maak daarvan 'n stil en rustige dag en laat u gedagtes loop na u kinderdae toe u nog in Jesus Christus geglo het. Kersdag kan die wendingsdag in u lewe wees.

U WEG NA BETLEHEM

"Laat ons dan na Betlehem gaan" sê die skaapherders vir mekaar toe hulle die kersboodskap gehoor het.

Hulle het een ding begryp: die kersboodskap is 'n oproep. Die weg na die Heiland is aangewys... en ek moet gaan.

Hy is nou by sy Vader in die hemel, maar Hy bly dieselfde Jesus van Betlehem.

Nog steeds is sy krip en sy kruis die teken van sy liefde.

Kom dan na Betlehem. Wees vrymoedig.

Glo dat Hy Verlosser is... glo en u sal lewe.

Die antwoord van God op al ons vrae is Betlehem.

Sy vraag is: wat gaan jy met Christus maak?

Ek het gekom

In die nag het Hy gekom... in Betlehem:

"Gods werk, eers eindloos hoog verhewe, daal op 'n aarde in sonde oud, sodat nou uit ons donker lewe sy lof kan opstyg duisendvoud. In toebereide harte en ore, van Volk tot volk, van oord tot oord, ruis *nou*—'n mensheid word herbore— die nuwe reddingsboodskap voort."

Waarom het Hy gekom?

Ek het gekom nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld gered kan word (Johannes 3:17).

Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul (Matt. 5:17).

Ek het gekom om te soek en te red wat verlore was (Lukas 19:10).

Ek het gekom dat hulle lewe en oorvloed kan hê (Joh. 10 : 10).

Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering (Matt. 9 13).

Ek het gekom nie om gedien te word nie, maar om te dien en my lewe te gee as 'n losprys vir baie (Matt. 20 : 28).

Wie is Hy?

Ek is die Brood van die Lewe

Ek is die Lig van die Wêreld

Ek is die Deur van die skape

Ek is die goeie Herder

Ek is die ware Wynstok

Ek is die Opstanding en die Lewe

Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe.

Jesus

"Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nógans het Hy óns krankhede op Hom geneem en óns smarte — dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.

Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape; ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.

Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

Uit die druk en die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote — wie het daarvoor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom."

Kom Christus weer?

Op hierdie vraag antwoord ek met 'n onomwonde ja! Christus sal liggaamlik en sigbaar vir almal op die wolke van die hemel verskyn op 'n bepaalde dag wat vir ons onbekend is. Die wederkoms sal met groot majesteit en glans geskied. Dit sal iets skouspelagtig wees.

Groot dinge sal dan gebeur. Alle dooies sal liggaamlik opstaan en die wat lewe, sal liggaamlik verander word, sodat almal óf 'n liggaam van heerlijkheid óf van afgrysing sal ontvang.

Engele basuine sal oor die aarde weerklink en alle mense sal vergader word. Dit bly 'n wonder — ons verstand sê dit is onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik. Ry aan ry, miskien selfs ingepak in die ruimte bo ons, sal die mense wag vir die hofspraak. Dan vind die verdeling in twee groepe plaas — die Christusgelowiges en Christus-verwerpers.

Daarna volg die **aanklag** wat opgeskrywe is in die boek van God se Alwetendheid en in die boeke van die gewete. Die Regter is almagtig en alsydig. Hy kan tegelyk met miljoene persoonlik spreek. Alle werke (2 Kor.5:10), alle woorde (Matt.12:36) en alle gedagtes (1 Kor. 4:5) word in die klagstaat opgeneem.

Dan gebeur die onbeskryflike wonder: die mense wat in Christus geglo het, word **vrygespreek** op grond van sy verdienste vir hulle. Stralend staan die volk van God daar in ootmoed en blydschap terwyl die ander hulle tonge kou in selfverwyte. Hulle sal moet erken dat dit hulle eie skuld is, want hulle het die geleentheid gehad en die uitnodiging om na Christus te kom.

Dan volg die **vonnis** en die **ewige straf** wat omskrywe word met woorde soos: vuur, duisternis, verderf, pyn, verdrukking.

Direk daarna word die **heelal omgekeer**: die see verdwyn, die skeiding tussen hemel en aarde verdwyn. Alles word gereinig en die hele skepping is vry. Die gesaligdes beërwe die nuwe aarde om vir ewig hier te woon en te werk.

Dit is die groot verrassing wat sal kom!

Glo elke woord wat hier geskrywe staan en bekeer jou na Jesus Christus!

Die Ware Bekering

As jy na die Here toe wil kom, moet jy onthou Hy eis van jou 'n **onvoorwaardelike** oorgawe.

Vir ons, as sondaars, moet dit altyd mooi wees om te hoor daar genade by die Here is. As jy berouvol lewe, is dit die mooiste woorde. Ons grootste probleem is dat ons gewillig is om na die stem van die Here te luister... op voorwaarde dat ek my ontugtige lewe voortsit, dat ek sal aanhou drink, dat ek Satan sal dien op die dansbaan, dat ek 'n floue godsdienstelewe sal handhaaf.

Jy dwaal! Jou verantwoordelikheid is 'n volle oorgawe van jouself uit liefde! Jy kan geen voorwaarde stel nie. God alleen stel die voorwaarde. Dit is erken dat jy die geboorte van die Here oortree. Erken dat jy is ongehoorsaam is en nie na sy stem nie luister nie.

Dit vra 'n verloëning van jouself. Die strewe na prestasie, om die vernaamste persoon van jou **omgewing** te wees, om jou naam hoog aangeskrewe te vind — dit sal op die agtergrond moet wees. Dan nie meer jy op die voorgrond nie, maar Jesus Christus.

J. van V. du Plessis

Skynbekering

Jy wil nie veel met die kerk te doen hê nie, want volgens jou is daar mense voor in die kerk wat daar buite 'n goddelose lewe lei. Uiterlik lyk hulle soos ware godsdienstige mense, so vroom en opreg, maar jy wat hulle goed ken, weet hulle is ver daarvandaan. Dit gries jou en nou wil jy niks van die kerk af weet nie.

Dit is maar 'n flou verskoning. Noudat jy dit genoem het, wil ek jou vertel wat heelwaarskynlik hul geval is. Daar is mense wat 'n huigelagtige lewe lei — wat met skynbekering hulle weg in die kerk bewandel. Van buite vertoon hulle 'n toonbeeld van voorbeeldigheid; hul innerlike lewe daarenteen 'n toonbeeld van wêreldsheid.

Hy leef nie hart en siel in sy godsdienstige lewe nie. Hy wil op twee stoele sit. Hy wil met sy een voet in die kerk tree — gereeld kerk toe gaan, die verenigingslewe ondersteun en 'n goeie indruk maak. Die ander voet wil die wêreld betree. Daardie ou weg van sonde. Nou stel hy al twee tevrede — kerk en wêreld.

Die Woord van die Here beveel ons om nie twee here te dien nie; of ons moet die een dien en die ander een verlaat. Skynbekering! Die Here verag die skyn. Hy wil dat, as jy na Hom kom, jy met jou hele hart en siel moet kom. Jy moet jouself oorgee. Jy moet weet dit is die enigste manier waarop die Here jou sal ontvang.

Die Here sien alles. Ps. 139 sê: “Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!” As jy dan jou weë rig na die kerk, maak dan nie soos dié wat jou gries met hulle lewe nie. Hulle weë het niks met jou kerklike lewe te doen nie. Kom, dien die Here met vreugde!

J. van V. du Plessis

Natuurlike Kind en aangenome kinders

Op die vraag wie Jesus Christus is, is daar al baie antwoorde gegee. Sommige sê Hy is maar net 'n edele en verhewe mens. Ander noem Hom 'n godsdienstige genie. Nog ander beskou Hom slegs as 'n martelaar vir sy eie beginsel. As dit al is wat van Hom gesê kan word, beteken dit dat Hy nog maar net 'n mens is — al sou Hy ook tot buitengewone dinge in staat wees. Die Bybel leer ons dat Hy veel meer as net 'n besondere mens is. Hy is ook die eniggebore Seun van God en dus self ook God.

U IS DIE CHRISTUS

Op die vraag wie Jesus is, het sy dissipels by monde van Petrus geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Toe het Christus self gesê dat Hy op hierdie belydenis sy kerk sal bou.

Om waarlik ons Verlosser te kon wees, moes Christus, behalwe waaragtige mens, ook waaragtige God wees. As Hy net 'n blote mens, selfs net 'n besondere, edele, sondelose mens was, sou Hy nooit die sware oordeel van God in ons plek oor die sonde kon dra nie. Sy godheid moes sy mensheid in staat stel om dit te kon doen.

ENIGGEBORE SEUN

Wat 'n mens opval, is dat Christus in die Bybel die **eniggebore** Seun van God genoem word (Joh. 3:16) terwyl al die ware gelowiges ook kinders van God genoem word (1 Joh. 3:1).

Die vraag is: Hoe moet ons die woord **eniggebore** verstaan? Hoe kan Hy die eniggebore Kind van God genoem word en die gelowiges ook kinders van God? Die woord eniggebore Kind beteken tog dat Hy die enigste Kind is.

Die antwoord op die vrae is dat Hy alleen die ewige, **natuurlike** Kind van God is, terwyl die gelowiges om sy ontwil tot kinders van God **aangeneem** is.

Een ding moet vir ons egter baie duidelik wees en dit is dat alleen deur die toedoen van die Seun van God die deur vir ons geopen is om ook kinders van God te kan word. Omdat Hy die sware straf van God oor al ons sondes gedra het en al ons skuld voor God ten volle betaal het deur sy bittere en smadelike lyde aan die kruis op Golgota, het Hy dit bewerk dat almal wat waarlik in Hom glo, nou ook kinders van God kan wees.

Hy, die eniggebore Kind van God het in onpeilbare sondaarsliefde dit bewerk dat ons tot kinders van God aangeneem kan word en... hoe heerlik is dit nie om 'n kind van God te kan wees nie!

SY KIND

Om sy kind te wees, beteken dat ons deel in voorregte waarin Christus eintlik alleen kan deel. Dit beteken dat sy Vader nou ook ons Vader is wat ons in liefde wil versorg en ons alles wil gee wat ons nodig het. In watter sielsangs en benoudheid ons ook al mag verkeer, ons het 'n Vader in die hemel wat sal sorg. Hy sal help, Hy sal voorsien. Christus self sê aan ons in Matt. 7: "Watter mens is daar onder julle wat as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan dié wat Hom bid?"

Is dit nie 'n heerlike wete nie! Dit moet rus in die gemoed bring. Is jy 'n kind van God?

Moet jouself en ander mense nie bluf deur baie gou te antwoord dat jy darem aan 'n kerk behoort en ook 'n Bybel het en soms bid nie. Dit is baie belangrike sake, maar nié die

belangrikste nie. Dit is moontlik dat 'n mens 'n Bybel (as ornament of argiefstuk) kan hê en jou naam op die lidmateregister van een of ander kerk kan wees, maar dat jy tog 'n kind van die duiwel kan wees.

Kyk, jy kan alleen waarlik 'n kind van God wees as jy Christus, die eniggebore Seun van God, nie vir die mode of vir die skyn nie, maar waarlik uit opregte liefde met jou hele hart as jou persoonlike Redder en Verlosser in die geloof aangeneem het, sodat jy Hom in alles wil dien en altyd vra na wat Hy graag wil hê dat jy moet doen. Dan sal jy ook besef wat 'n vreugde en heerlikheid dit is om 'n kind van God te kan wees, sodat jy altyd net sal wil sing:

Wat 'n liefde en volheidslewe.
waar ek bly my in beroem,
het die Vader my gegewe
dat Hy my sy kind wil noem.

P. J. de Bruyn

Die skildery het reeds geval

Ek is 'n immigrant uit Europa. Vanaf my agtiende jaar was ek op die verhoog as trompetspeler en ek was begaafd. Met my trompet het ek mense in vervoering gehad en vroue tot tranes beweeg. Die trompet was my lewe. Ek het later uitgevind dat die trompet my god was.

Ek het lekker gelewe. Die naglewe was vir my 'n genot. Ek het vir godsdienstige mense gelag en met hulle God gespot. Selfs nadat ek getroud is, het dit so voortgegaan. My skoonmoeder was 'n gelowige mens. Sy het met my gepraat en ander gevra om met my te praat. Ek het die godsdienstige besoekers hooghartig en spottend behandel. Die filosofie van Hegel en Nietzsche was my lewensbeskouing. Hulle werke het ek geles en dit geniet om met kwasiegeleerdheid die arme godsdienstige drommels te verwar en te beledig.

Uiteindelik het ek een troefkaart ontwikkel waarmee ek elke godsdienstige gesprek tot 'n spoedige einde gebring het. "Ek sal jou geloof in God op 'n eenvoudige wyse beproef. Sien jy daardie skildery wat daar hang? Bid nou tot jou God en vra Hom om die skildery te laat val. As dit gebeur, dan glo ek jou." Sommige het hulle vererg vir my spottery. Andere het verleë en skaam my huis verlaat.

Intussen het ek groot opgang gemaak as trompetspeler in die konsertsale. Toe tref 'n ramp my. My bolip ontwikkel 'n gebrek. My trompetspel was iets van die verlede. Natuurlik het ek my verkies, maar ek het tog weer 'n weg gevind om voort te gaan. Die ontsettende gemis het egter gebly. Hoe het ek gesmag om weer die sensasie te smaak om die gehore in konsertsale in ademlose stilte te laat luister na my spel. Helaas die virtuos se vlerke is geknip.

Steeds het my skoonmoeder gesorg dat ek geestelik bearbei word. My troefkaart was nog altyd die vallende skildery. So het ek my steeds veilig verskans teen die aanslae van die geestelikes. Eendag kom daar weer iemand by my uit. Ek het hom min geleentheid gegee om te praat en hom gevra om te bid dat die skildery moet val. Sy antwoord was: "Die skildery het reeds geval."

Stom verbaas kyk ek hom aan. "Daar hang die ding nog steeds op sy plek, man." Ongestoord gaan my besoeker voort. "Ja, jou skoonmoeder het my vertel van jou set met die skildery, maar hy het reeds geval". Ek het spottend begin lag. My lag het egter verstom en omgeslaan in woede by sy volgende opmerking. "Speel vir my jou trompet." Ek het hom byna te lyf gegaan, want ek het gedink dat hy met my ongeluk spot. "Jy weet dat ek weens my gebrek vir die afgelope vyf jaar geen trompet meer kan speel nie."

"Dus God het jou gebed verhoor. Die skildery het geval. Hy het wel nie verhoor, soos jy verwag het nie, want Hy is 'n God en geen mens nie. Hy laat Hom nie bespot nie, selfs nie deur 'n trompetspeler nie. Hy het jou skildery laat val. Jou trompet was jou god en dit het Hy van jou weggeneem, omdat Hy jou liefhet en verwag dat jy Hom moet liefhê."

Ja, my skildery het geval. Hoe dank ek Hom nou dat Hy dit aan my gedoen het. Het jou skildery al geval, my vriend?

(Hierdie gebeure uit die werklike lewe is oorvertel deur Ds. M. J. Booyens.)

Nuwejaar:

Koning Christus regeer ons

Om te regeer, is by uitstek 'n koninklike taak.

Al word die regering in feitlik alle lande van die wêreld vandag nie meer deur konings self behartig nie, maar deur presidente en eerste ministers, neem dit nie weg dat dit 'n koninklike werk is om te regeer nie. Hoe word daar geregeer?

Om te regeer beteken om wette uit te vaardig waarvolgens 'n volk moet lewe en handel en om toe te sien dat die volk dan ook inderdaad die wette gehoorsaam. Wet-oortreders word deur die regters veroordeel en gestraf.

Jesus Christus is nou ook 'n Koning. Waar vind ons nou die wette waarvolgens Hy as Koning ons regeer?

IN DIE BYBEL

Die Bybel — Gods Woord — dit is Koning Christus se wetboek.

In sy Woord bied ons Koning aan ons volledige voorligting oor wat Hy wil hê wat ons moet doen, As ons doen wat Hy daarin beveel, sal dit waarlik met ons goed gaan — in hierdie lewe en die lewe hierna. Die Bybel is vir die mens soos die kaart vir die reisiger, soos die kompas vir die loods, soos die swaard vir die soldaat. Daarsonder is jy verdwaal en verlore.

In die Bybel hou Christus aan ons voor watter heerlike loon daar op ons wag as ons in Hom glo en na Hom luister. Hy toon daarin ook duidelik watter verskriklike straf daar op ons wag as ons Hom verag en aan sy gebooië ongehoorsaam is.

DEUR DIE GEES

Tesame met sy Woord regeer Christus ons ook **deur sy Heilige Gees**. Nie in dié sin dat Hy ons deur sy Gees iets anders leer as wat in die Woord staan nie. Dit is juis nie die geval nie. Deur sy Gees word ons trouens juis aan die Woord gebind. Deur sy Gees laat Hy ons sy gebooië reg verstaan, sodat ons presies kan weet wat Hy van ons verwag — hoe ons moet lewe en wat ons moet doen.

Deur sy Gees maak Hy ons ook gewillig om werklik sy wette soos ons dit in die Bybel vind, uit te voer. Hy maak van ons op die wyse gewillige onderdane in die koninkryk van God. Hy laat deur sy Gees die uitvoering van sy gebooië vir ons nie 'n las wees nie, maar 'n lus.

So regeer ons Koning ons deur sy Woord en Gees.

DIE VRAAG

Die groot vraag waarop jy vir jouself 'n duidelike antwoord moet gee, is: Laat jy jouself deur Hom met sy Woord en Gees regeer? Is jy gehoorsaam aan sy gebooië?

Jy moet weet dat Hy, wat 'n ewige Koning is en alle mag in die hemel en op aarde besit, absolute gehoorsaamheid van jou eis. Hy duld dit nie dat jy deur iets of iemand anders, behalwe deur Hom alleen, geregeer word nie... ook nie deur jouself nie.

Jy het miskien ook al gesê: "Ek is my eie baas. Ek doen wat ek wil." Dit is 'n groot bedrog wat Satan aan jou voorhou, want jy is nie jou eie baas nie, maar Christus, jou Koning, is jou Baas. Daarom mag jy ook nie doen wat **jy** wil nie, maar net wal **Hy** wil.

Die lewe het ook al geleer dat dit alleen met ons waarlik goed gaan as ons ons deur Hom laat regeer. Afwyking van sy gebooië beteken gehoorsaamheid aan die duiwel en dit bring uiteindelik net smarte en ellende oor ons.

Bowendien moet jy onthou dat soos die konings van die ou tyd ook **as regters** opgetree het om wetsoortreders te straf, so sal ons Koning ook eenmaal as **Regter** kom en dan sal Hy kom oordeel of ons aan sy gebooie gehoorsaam was of nie. Hoe sal jy dan voor Hom verskyn?

Ons weet niemand voor Hom sal kan verskyn en sê dat hy aan sy gebooie volmaak gehoorsaam was nie. Almal sal aan wetsoortreding en sonde skuldig staan.

As dit op dié deurlugtige oordeelsdag duidelik word dat jy uit dankbaarheid vir die groot liefde wat Christus aan jou bewys het, met alle mag **gestry** het om waarlik aan Hom as Koning gehoorsaam te wees, dan sal jy, al moet jy dan met droefheid erken dat jy gedurig sy gebooie oortree het, tog genade in sy oë vind, vrygespreek en 'n nimmereindigende heerlikheid toegesê word.

P. J. de Bruyn